


# Week 1 en 2

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer dat ons na diere se welstand moet omsien en dat ons hegte bande en vriendskappe met ons troeteldiere moet bou.<br>• Hulle leer van verantwoordelikhede.<br>• Maats leer dat ons lyfies baie moet beweeg en dat ons nie te veel televisie moet kyk of baie tyd agter skerms moet spandeer nie.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, verf, knip en vashou van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer wat hul rol as versorgers van hul troeteldiere is.<br>• Hulle leer dat vriendskapsbande met troeteldiere gevorm kan word.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord.<br>• Bepaalde woorde word aan maats omskryf ten einde hulle woordeskat te verbeter. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "ses" word die week behandel. Maats moet tot by ses tel.<br>• Maats leer van die ovaal (die vorm hierdie week).<br>• Maats sorteer blokkies op grond van hul kleur uit.<br>• Maats leer hoe water persepsie kan beïnvloed. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder.<br>• Maats teken hulle eie Pienkie-Poenk, hulle bou hulle eie viskom ens. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats leer van verskillende soorte troeteldiere.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take terwyl hulle hondebakke ens. skep. |

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Ses (6)***
- Vorm van die week: ***Ovaal***
- Kleur van die week: ***Pienk***

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 6 tel terwyl hulle ritmies hulle voete stamp***

## Sirkelbespreking van die week



Ontmoet vir:



# Pienkie-Poenk

# PIENKIE-POENK *(Die Storie)*

Pienkie-Poenk is so opgewonde sy kan skaars stilstaan. Sy is uitgenooi na Koningin Heel-Pienkste se jaarlikse funksie by die Poeding-Paleis en sy kan nie besluit watter pienk rokkie om aan te trek nie.

Uiteindelik besluit sy op 'n ligte pienk rokkie met donkerpienk valletjies en blink skitterstof. Daar is 'n spesiale pienk koets wat vir Pienkie-Poenk en haar maatjies oplaai. Dit word deur spierwit perde met pienk linte in hulle maanhare getrek. By die Poeding-Paleis is die maatjies se asems skoon weg! Alles is in verskillende kleure pienk. Daar is reuse groot pienk ballonne wat oral vasgemaak is en pienk linte en vlaggies wat oral wapper. Op die tafels is daar die heerlikste pienk kolwyntjies, pienk roomys, pienk roomkoek en die allerlekkerste pienk melkskommels. Dan hoor hulle hoe die mense juig en hande klap! Wat is dit? Vir Pienkie-Poenk is dit die heel mooiste iets wat sy nog ooit gesien het! Koningin Heel-Pienkste kom aangery op 'n eenhoring die kleur van sagte pienk spookasem. Die eenhoring se horing is versier met blinkers en dit skitter in die sonlig. Maar dit is Koningin Heel-Pienkste wat die mense sommer weer laat hande klap. Sy het 'n skitterblink pienk rok aan vol van die mooiste pienk gesteentes en op haar kop dra sy 'n goue kroon met 'n reuse pienk diamant in.

Toe Pienkie-Poenk dardie aand in haar bedjie lê, raak sy aan die slaap en sy droom van die lekkerste pienk partytjie wat sy nog ooit op was.

**Vertoon hierdie week vir Pienkie-Poenk in die klas**

Maats kan hierdie week vir Pienkie-Poenk lekkers soos gereigde malvalekkerstokkies maak om te "eet" (stuur dit dan huistoe of laat maats dit self geniet). Maats kan ook pienk melkskommels maak (help maats en laat hulle dan die skommels met "100's en 1000's ens. versier). Moedig maats verder aan om gepaste pienk items vanuit die klas of van die huis af vir Pienkie Poenk te bring.

**Probeer hierdie week om PIENK verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie


Hoeveel ovale sien julle?
Ollie Ovaaltjie


6
Mollie

# BYBEL-ILLUSTRASIES



**Visuele prosessering:** Watter prentjie het 'n plaasdier in? / Watter plaasdier is dit? / Watter prentjies het insekte in? Hoeveel soorte insekte is daar? / Met wat vang die padda insekte? / Watter kleur is die padda?

# BYBELLES

*Die brandende bos*

# DAG 1-2

Toe Moses al 'n groot man was het hy gesien hoe swaar sy mense, die Israeliete, as slawe in Egipte gekry het. Dit het sy hart baie seer gemaak en hy het gebid dat God die Israeliete moes help. Terwyl Moses gebid het, het hy 'n doringbos gesien wat gebrand het. Wat baie snaaks was, was dat hierdie doringbos nie uitgebrand het nie. Skielik het God se stem uit die brandende bos gekom. Sjoe, maatjies, sou julle nie geskrik het nie?

God het vir Moses gesê om na die koning van Egipte (die farao) te gaan en met hom te gaan praat oor die Israeliete wat as slawe vir hom gewerk het. Moses moes vir die koning van Egipte sê dat hy die Israeliete, wat God se volk was, vry moes laat. Moses was maar skrikkerig om so iets vir die koning van Egipte te gaan vra, want die koning was baie kwaai en Moses het gesukkel om te praat. Hy besluit toe om sy boetie, Aäron, saam te vat na die koning toe.

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Hoekom was Moses se hart seer?
- Wat moes Moses doen?

## Woordeskat-ontwikkeling

**Slawe**

Mense wat verniet vir ander mense moet werk

**Volk**

Mense wat dieselfde taal praat en in dieselfde land bly

## Lewensles

*As God ons vra om iets te doen moet ons dit doen al is ons bang*

# Bybelles

## *Die eerste ses plae*

# DAG 3-5

Moses en Aäron het met die koning van Egipte gaan praat. Hulle het vir hom gesê dat hy die Israeliete moes laat gaan, maar hy wou nie luister nie. God het toe besluit om hom te straf. Hy stuur toe tien plae om die koning en die Egiptenare te straf.

Die heel eerste plaag was dat die Nylrivier so rooi soos bloed geword het. Niemand kon van die rivierwater gebruik nie. Die Egiptenare kon nie water drink of daarin bad nie. Die tweede plaag was paddas. Daar was paddas oral - in die huise, die kos en selfs in die Egiptenare se beddens. Toe stuur God die derde plaag - muggies en luise. Hierdie peste was oral en het op die Egiptenare se lyfies kom sit, maar Farao wou steeds nie luister nie. God stuur toe ook muskiete as pes, maar steeds was die farao hardkoppig. Toe stuur God die vierde plaag en laat al die veë doodgegaan. Daarna het Hy laat die Egiptenare aaklige sere aan hulle lywe kry wat hulle baie siek gemaak het.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Straf**

Iets wat ons leer om nie weer stout te wees nie

**Plaag**

Iets wat ons lyfies, kos of eiendom verniel/verwoes

**Hardkoppig**

As ons nie wil luister nie is ons hardkoppig

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wie het saam met Moses na die farao toe gegaan?
- Wat het God gedoen toe die koning van Egipte nie na Hom wou luister nie?
- Kan julle die eerste vyf plae onthou? Kom ons noem hulle op.

## Lewensles

*As ons nie na God luister nie straf Hy ons*

## *Nog drie plae*

# DAG 5-7

Ten spyte van al die plae wou die farao steeds nie luister nie. God stuur toe haelstorms oor Egipte. Hierdie haelstorms het al die vrugte en groente in Egipte stukkend geslaan (of verwoes). Die Egiptenare het toe amper niks kos oor gehad om te eet nie, maar die farao wou steeds nie die Israeliete laat gaan nie. God stuur toe baie springkane na Egipte toe om alles wat daar van die plante en kos oor was op te vreet. Die Egiptenare het nou niks kos oorgehad om te eet nie, maar die farao wou steeds nie luister nie. God stuur toe absolute donkerte oor Egipte. Vie drie dae was dit so donker dat mense niks kon sien nie.

**Verwoes**

Iets wat so verniel is dat daar niks van oor is nie

## Lewensles

*As ons nie na God luister nie straf Hy ons*

# Bybelles

## Die laaste plaag

# DAG 8-9

Nadat God soveel plae oor Egipte gebring het, het die farao steeds vir Moses gesê dat hy nie die Israeliete sou laat gaan nie. Wie sou dan vir die Egiptenare as slawe werk?

Moses het vir die farao gesê dat hy asseblief die Israeliete moes laat gaan omdat die tiende plaag baie erg sou wees, maar die farao wou steeds nie luister nie. Hy was baie hardkoppig.

God het toe die laaste plaag, die tiende plaag, gestuur. Daardie aand is al die oudste seuns in Egipte dood. Farao se seuntjie is ook dood.

Die farao se hart was baie seer nadat sy seuntjie dood is. Hy het baie gehuil. Hy stuur toe van sy manne om vir Moses te gaan roep. Hy het toe vir Moses gesê dat hy die Israeliete kon vat en uit Egipte kon trek. Na al die jare het hy uiteindelik God se kinders laat gaan.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Dood**
As ons nie meer op die aarde lewe nie, maar by Jesus is

**Oral**
Reg rondom ons

**Trek**
As ons al ons goedjies vat en vir ons 'n ander blyplekkie kry

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Hoeveel plae was daar?
- Hoekom het die farao vir Moses laat roep?
- Kan julle nog al tien die plae onthou? Kom ons herhaal die tien plae saam met mekaar.

## Lewensles

God sal Sy kinders help net soos wat Hy die Israeliete gehelp het

## Hersiening

# DAG 10

DIE PLAE:

1. Water word bloed!
2. Baie paddatjies spring!
3. Die land word vol luise en muggies!
4. Baie muskiete kom pla die Egiptenare!
5. Die diere word siek!
6. Die Egiptenare kry sere oral oor hulle lyfies.
7. Haelstorms slaan al die kos stukkend!
8. Springkane eet al die kos wat oor is op!
9. Dit is vir drie daggies donker!
10. Die oudste seuntjies gaan dood!

**Verwoes**
Iets wat so verniel is dat daar niks van oor is nie

## Lewensles

As ons nie na God luister nie straf Hy ons

# TEMATAFEL *('n Boks om uit te pak en 'n boks om te vul)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week leer ons van gemeenskapsdiens!! Ons pak twee tafels uit.*
*Ons pak 'n tema-tafel met voorbeelde van troeteldiere, hul kos ens. uit.*
*Ons pak ook 'n gemeenskapstafel uit wat maats deur die week met honde- en katkos kan vul.)*

**Plaas 'n groot, leë boks op die gemeenskaptafel. Vra vir maats hierdie week deurgaans om honde- en kattekos saam skool toe te bring om in die boks te plaas vir diere wat nie huise het nie. Al die kos wat ingesamel word kan dan by die DBV afgelaai word. Die DBV kan ook genooi word om 'n praatjie by die skool te kom lewer.**

Mollie is hierdie week sommer baie opgewonde! Hy het gehoor dat boer se seun, Buksie, 'n nuwe babahondjie gekry het! Mollie het gehoor hoe Buksie vir sy pa vertel dat hy sy hondjie Brakkenjan gaan noem. Maar o my genade, maats, daar is nog nie 'n ordentlike hokkie vir Brakkenjan nie. Mollie spring sommer dadelik weg en bou vir Brakkenjan die mooiste hokkie. Wil julle ook vir hom een bou? *(Haal vir maats* ***materiale soos bokse, lap, blokkies en stokkies*** *uit waarmee hulle vir Brakkenjan 'n hokkie kan bou!)*

Nadat Mollie vir Brakkenjan 'n hokkie gebou het, besluit hy om vir hom kossies in 'n bakkie te gooi. Hy besluit dat hy sommer ook vir die kat en die vis kos gaan ingooi terwyl hy besig is. *(Gooi* ***verskillende kleure blokkies/pom-poms*** *voor die maats neer en pak verskillende* ***bakkies*** *uit. Sê nou byvoorbeeld vir maats om al die blou blokkies/pom-poms in een bakkie te gooi Dit is die honde-kos. Maats kan volgende geel blokkies in 'n bakkie gooi. Dit is die kat se kos. Herhaal die oefening weer en weer totdat al die kleure aan 'n troeteldier toegestaan is. Hierdie "kossies" kan dan voor prente of teddiebere van honde, katte ens. geplaas word.)*

Mollie besluit laastens om vir die die hond 'n nekband te maak. *(Gee vir elke maat twee* ***toutjies*** *wat aan die bokant aanmekaar geknoop is. Laat maats die toutjies nou heen-en-weer oor mekaar vou/vleg om 'n "vlegsel" te maak. Gee vir maats onderskeie* ***items soos klokkies*** *wat hulle aan hulle nekbande kan vasmaak. Juffrou kan selfs vir maats help om* ***naamskyfies*** *vir hul nekbande te maak. Die vlegsel kan nou in 'n sirkelvorm gebind word om 'n nekband te vorm.)*

Tematafels moet
**ERVAAR** word...




# TEMATAFEL *('n Boks om uit te pak en 'n boks om te vul)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

Maats het julle ook troeteldiere soos Buksie? *(Laat maats voor **esels/leë groot bokse/A3 papier** wat teen hul ooghoogte teen 'n muur vasgeplak is, staan. Gee vir maats verfborsels en laat hulle staan en dus vertikaal werk om hul troeteldiere te "skilder". Juffrou kan ook vir maats teddiebere van honde en katte op 'n stoel of tafel as "modelle" uitpak en vir maats vra om die uitgestalde katte en honde te "skilder".)*

***LET OP:***

***Voëlsaadjies** kan in **'n bak** bo-oor **prentjies van verskillende troeteldiere** gegooi word. Maats kan dan deur die voëlsaad grou en onderskeie troeteldiere volgens jou instruksie soek.*



Tematafels moet

**ERVAAR** word...



# TEMA

*(Gedig, lied en storie)*

Hond, kat, voël, vis,

dit is wie my troeteldiere is.

Blaf, meeaw, tjirp, bloep bloep,

dit is hoe hul na my roep.

Want hulle's almal lief vir my,

en ek het hul ook liefgekry.

## GEDIGGIE VAN DIE WEEK

*My troeteldiere (CD)*

***Die gedig gee vir maats voorbeelde van troeteldiere en leer hulle ook watter geluide die onderskeie diere maak***












## LIEDJIE VAN DIE WEEK *Ek's lief vir my troeteldiere (CD)*

**Die lied leer vir maats watter diere tipies troeteldiere is, watter geluide hulle maak en wat hulle eet.**

**Die liedjie se woorde is effens moeilik en maats kan daarom eerder die lied dramatiseer.**

## STORIE VAN DIE WEEK

*'n Meisie-muis troeteldier (CD)*

***Hierdie week ontmoet Mollie en die maats vir Mienkie Muis. Sy is 'n stadsmuis vanuit Pretoria. Anders as die plaasdiere speel sy nie buite nie en word sy nie sommer vuil nie. Sy verkies om met haar mamma se foon te speel en om eerder televisie te kyk. Mollie verduidelik vir haar waarom maats nie te veel voor skerms moet sit nie en verduidelik vir haar wat gesonde spel is. Die storie word dus gebruik om vir maats te leer dat tegnologie verstandig en matig gebruik moet word.***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 tot 3







Troeteldiere is diere wat mak is.  Ons sorg dat hulle ’n warm plekkie  het om te slaap en ook genoeg water en kos het.
Katte is troeteldiere.  Hulle slaap in sagte mandjies.  Hulle eet katkos en is lief vir melkies.
Honde is ook troeteldiere.  Hulle slaap in hondehokke.  Hulle eet hondekos en drink water.


## Dag 4 tot 6







Daar is baie soorte troeteldiere.
Party mense hou vissies in ’n vistenk as troeteldiertjies aan.
Ander mense hou weer voëltjies as troeteldiere aan.

## Dag 7 tot 9





Dan is daar mense wat maar grillerige troeteldiere soos slange en spinnekoppe aanhou!
Hierdie troeteldiere moet in veilige houers aangehou word, want as een van hulle uitkom kan dit gevaarlik wees.
Slange eet gewoonlik muise en spinnekoppe eet goggatjies..

# TEMA-LES

## Honde en katte

# DAG 1-2

Troeteldiere is diere wat ons by ons huis hou en wat mak is. Mense hou troeteldiere vir hulle plesier aan. Voorbeelde van troeteldiere is honde, katte, voëltjies, visse, marmotte en soms selfs spinnekoppe en slange. Die meeste mense het honde en katte.

Katte is lekker maatjies. As jy 'n katjie het sal jy weet hoe hulle soms styf teen jou lyfie kom lê en spin. Hulle hou ook daarvan om boom te klim en om met toutjies en katspeelgoed soos klein balletjies te speel. Katte bly meesal in hulle eienaars se huise en slaap saam op hulle beddens of op spesiale kussings. Hulle eet katkos en is baie lief daarvoor om melkies te drink.

Honde pas hulle eienaars mooi op. As jou hond dink jy is in gevaar, sal hy blaf of knor. Dit is baie lekker vir jou hond om saam met jou te gaan stap en hy geniet dit as jy vir hom 'n bal/stok gooi wat hy dan terugbring. Honde is baie slim en word selfs deur die polisie opgelei om dwelms uit te snuffel. Hulle kan ook opgelei word om gidshonde vir blinde mense te wees. Party mense laat hulle honde in die huis op spesiale hondekussings/bedjies slaap, maar daar is eienaars wat eerder hulle groter honde buite in hondehokke laat slaap. Honde is baie lief vir slaap en speel. Hulle is ook lief vir hondekos en water.

### Kritiese denke

- Wie hou van meer van katte/honde?
- Hoekom?

Laat maats vir jou van hul honde en katte vertel. Laat hulle hul honde en katte omskryf. Dui daarop hoe die verskillende katte en honde in voorkoms verskil.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Kat | Melk | Gevaar | Oplei | Hondehokke | Goudvis |
| Spin | Hond | Knor | Dwelms | Hondekos | Koi |
| Katspeelgoed | Eienaar | Blaf | Gidshond | Water | Viskom/tenk |
| Katkos | Oppas | Lojaal | Beskerm | Vis | Visdam |

## Visse

# DAG 3-4

Party maatjies het vissies as troeteldiere. Party vissies, soos klein goudvissies, bly in viskomme. Ander eksotiese vissies (dit is vissies wat uit die see kom) bly in vistenks. Ons kry ook groter vissies soos Koi visse wat in visdammetjies bly. Al hierdie vissies mag net in die water bly. Jesus het hulle spesiaal so gemaak sodat hulle onder die water kan asemhaal. Ons mag hulle daarom nie uit die water haal nie want hulle kan nie op die land asemhaal nie.

Al kan ons hulle nie uit die water haal en met hulle speel nie, kan ons hulle voer en kyk hoe hulle op en af in die water swem.

### Kritiese denke

- Het alle troeteldiere goeie huise en eienaars?
- Hoe kan ons help?

# TEMA-LES

## Voëls

# DAG 3-4

Party maatjies het voëltjies soos ringnekke, budjies, pappagaaie of kokketiele vir troeteldiere. Voëltjies hou van aandag en party voëls, soos pappagaaie, is so slim dat hulle woordjies kan aanleer as ons gereeld met hulle praat. Hulle kan dan die woorde wat hulle baie hoor agter ons aan sê.

Verskillende voëltjies eet verskillende soorte kossies. Hulle kan saadjies of sekere vrugte en groente eet. Ons moet altyd sekermaak dat ons die regte kossies vir ons voëltjies gee om te eet. Pappagaaie mag byvoorbeeld nie advokadopere eet nie.

Wanneer voëltjies dors is, drink hulle water. Hulle hou ook daarvan om hulle lyfies in water te was. Hulle kam dan hulle veertjies met hulle bekkies reg. Hulle doen dit omdat hulle baie daarvan hou om skoon te wees. Ons hoef dus nie ons voëltjies te bad nie. Hulle bad hulself.

Voëltjies hou nie net daarvan om skoon lyfies te hê nie, maar wil ook graag skoon hokkies hê waarin hulle kan bly. Ons moet die hokkies waarin hulle bly dus gereeld skoonmaak as ons nie wil hê dat hulle siek moet word nie. As ons hulle hokkies gereeld skoonmaak sal die hokkies ook nie stink nie.

### Kinestetiese leer

Wys vir maats fotos van kokketiele, pappagaaie ens.

Dui op die verskille en ooreenkomste tussen die onderskeie voëltjies. Gee vir maats die geleentheid om self verskille en ooreenkomste tussen die voëls uit te wys.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Voëls | Kokketiel | Groente | Voëlhok | Gevaarlik | Diertjies |
| Ringnekke | Kossies | Advokadopeer | Skoonmaak | Pik | Voer |
| Budgie | Saadjies | Vere | Slang | Slanghok | Opkrul |
| Pappagaai | Vrugte | Bad | Leer | Muis | Doodstil |

## Slange

# DAG 5-6

Maats, dan is daar mense wat daarvan hou om slange as troeteldiere te hou? Kan julle dit glo? Om sulke diere aan te hou moet 'n mens vooraf leer van hierdie diere want hulle kan gevaarlik wees en kan pik.

Omdat hulle gevaarlik kan wees moet hulle in veilige hokke aangehou word. Ons kan hulle dan met muise voer, want hulle hou baie daarvan om klein diertjies soos muise te eet. Wanneer hulle klaar aan hulle muise geeet het krul slange graag op en lê dan vir lang rukke doodstil. Hulle is nie soos katjies en hondjies was heeldag met balle en ander speelgoed wil speel nie.

### Kritiese denke

- Watter gevaarlike diere kan maatjies nog as hul troeteldiere raanhou?

Party maatjies het selfs grillerige, harige spinnekoppe as troeteldiere. Net soos slange moet spinnekoppe versigtig hanteer word omdat hulle ook gevaarlik kan wees. Ons kan nie net enige spinnekop vang en as 'n troeteldier aanhou nie, want sommige spinnekoppe is giftig en ook baie kwaai. Hulle sal ons hap as ons hulle probeer vang of optel. Net sekere spinnekoppe, soos Tarantula-spinnekoppe, kan as troeteldiere aangehou word.

Spinnekoppe bly ook soos slange in glashokke. Hulle hokkies moet vol klippe, stokkies en plante wees waaroor en waardeur hulle kan klim. Spinnekoppe soek ook 'n plekkie om weg te kruip in hul hokkies. Ons kan vir hulle 'n uitgeholde stuk hout of 'n leë blompot in hulle hok sit waaronder hulle kan wegkruip. Wanneer hulle honger is sal hulle dan uit hierdie donker plekkies uitkom om te kom kossies soek.

Spinnekoppe is baie lief daarvoor om krieke en baba muise te eet. Ons kan die krieke of muise in hulle hokke gooi en dan sal die spinnekoppe die krieke of muise self vang en eet. Wanneer hulle dors is, soek spinnekoppe water om te drink. Ons kan vir hulle water in klein doppies, soos byvoorbeeld melkbotteldoppies, gooi. Hulle sal dan self van die water kom drink.

# Tema-les

## *Spinnekoppe*

## DAG 7-8

### Kritiese denke

- Sal jy 'n spinnekop as 'n troeteldier aanhou?
- Hoekom / hoekom nie?

Let op: Hierdie is die ideale geleentheid om met maatjies te gesels oor hulle vrese. Is hulle bang vir spinnekoppe of slange? Is hulle bang vir die donker? Let op wie bang vir wat is.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Spinnekop | Glashok | Uitgehol | Kriek | Voer | Bosluise |
| Tarantula | Vang | Hout | Muis | Slaapplek | Siek |
| Harig | Hap | Blompot | Vang | Speel | Veearts |
| Grillerig | Optel | Wegkruip | Oppas | Vlooie | Inspuitings |

Dit maak nie saak watter troeteldiere ons het nie, ons moet ons hulle oppas. Dit beteken dat ons hulle gereeld moet voer en vir hulle warm slaapplek moet gee. Ons moet ook baie met hulle speel.

Om ons diere op te pas beteken ook dat ons hulle hokke skoon moet hou sodat hulle nie siek word nie. Sommige troeteldiere, soos honde, se lyfies moet ook gereeld gewas word sodat hulle nie vlooie en bosluise sal kry nie.

Laastens, moet ons ons diere gereeld veearts toe vat vir inspuitings.

## *Pas jou diere op!*


## DAG 9-10

### Kritiese denke

- Dink jy dat jy jou diere mooi oppas?
- Hoekom sê jy so?

## Inkleur, uitknip, plak, verf, manipuleer, strooi en skud

Laat kleuters die onderstaande hondebak inkleur, uitknip en op 'n harde stuk bokskarton plak wat hulle blou geverf het. Laat hulle dan "hondekoekies" in die vorm van hondebene uit klei maak. Laat staan die koekies todat hulle droog is. Laat hulle nou gom op die hondebene vryf en fyn sand oor die bene strooi. Wanneer die gom droog is moet maats die oortollige sand van die bene afskud. Laat maats nou hul hondebene in hul hondebakke vasplak.




## Verf, knip, plak, inkleur en strooi


Maats kry elkeen een papierbord. Laat hulle die een bord ligblou aan die binnekant verf. Laat hulle volgende gom op die onderste deel van die geverfde papierbord smeer en growwe sand met klippies daaroor strooi om die bodem van 'n visbak te vorm. Maats kan nou skulpies en groen pypskoonmakers wat in verskillende groottes gesny is vir seeplante plak.

Laat maats volgende die onderstaande vissie inkleur en uitknip. Hulle kan vir hom 'n bobbelogie opplak en ook "sequence" as skubbe plak. Help maats nou om deurskynende sellofaan bo-oor hul mooi prentjies te plak.

Gee nou vir elke maat nog 'n papierbord. Laat hulle die binnekant van hierdie bord uitknip sodat net die buiterand van die bord oor is. Maats moet nou hierdie "uitgeholde" papierbord ook ligblou verf en dan bo-oor die sellefaan plak. Daar het ons nou 'n pragtige kleurvolle visbak!



Ekstra:




## Verf en druk

Sny aartappels middeldeur en kerf 'n pootafdruk van 'n hond in elke helfde. Laat maats nou die aartappels in verf druk en pootafdrukke op 'n A4 papier of in die onderstaande blok druk. Maats kan ook met bruinpapier verskaf word sodat hulle die pootafdrukke in rye spore kan afdruk.

## Inkleur, plak, uitsny, manipuleer en bou

Laat maats die prent van 'n pappegaai wat op 'n stok sit inkleur. Laat hulle dan gekleurde veertjies vir die pappegaai se vere/vlerke plek. Maats kan dan die pappagaai uitknip en op 'n stokkie plak.



## Teken en inkleur

Teken jou eie Pienkie-Poenk!


# Pienkie-Poenk



# KLEIKAART
*Aktiwiteit 6*

## Manipuleer en druk

Laat maats die buitelyne van die ovaal met 'n PIENK kleislang nagaan. Laat hulle ook die "6" uit klei vorm en op die onderstaande "6" platdruk. Ses klei-balletjies moet dan ook gerol word en BINNE die diamant gepak word terwyl maats die balletjies aftel.



## Benodighede

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoepels | Klein pilatusbal | Trap en vang plank | Merkers |
| Kegels | Balle en tennisballe | Wipmat | Balanseerbalk |
| Boontjiesakkies | Houers | Ruimtetonnel | Rakket |

### Opwarming

- Plaas twee hoepels twee meter uitmekaar uit. Spasieër nou kegels in 'n reguit lyn tussen die twee hoepels. Maats moet nou van die een hoepel na die volgende hardloop. Laat hulle deurgaans kruis en dwars tussen die kegels deur hardloop.
- Herhaal die aktiwiteit maar laat maats nou op een been deur die kegels spring. Laat hul eers op hul linker- en dan op hul regterbeen spring.
- Laat hulle nou tussen die kegels deur huppel.
- Plaas nou vyf boontjiesakkies in een hoepel en verwyder die kegels. Laat maats dan telkens hardloop en die boontjiesakkies van een hoepel na die ander dra.

### Balans

- Laat maats op 'n klein pilatesbal sit. (NB. Hul knieë moet negentig grade gebuig wees. Laat maats nou balle in houers gooi wat naby, 'n bietjie verder en nog verder van hulle af geplaas is terwyl hulle op die bal sit en balanseer.
- Plaas volgende drie hoepels links en drie hoepels regs van maats waar hulle op die pilatusbal sit. Laat maats nou boontjiesakkies met hul linker- en dan met hul regterhande in die eerste, middelste en verste hoepels aan hul linkerkant gooi. Herhaal die oefening en laat hulle die boontjiesakkies nou met hul linker- en dan met hul regterhande in die eerste, middelste en verste hoepels aan hul regterkant gooi.
- Laat maats nou, steeds sittend op die pilatusbal, 'n tennisbal deur 'n hoepel gooi wat eers hoog en dan laag voor hulle gehou word.
- Rol laastens 'n bal na die maats toe. Hulle moet die bal vir jou terugskop terwyl hulle sittend op die pilatusbal bly balanseer.

### Koördinasie

- Hop 'n bal op 'n gelyk oppervlakte na maatjies toe. Hulle moet die bal dan vir jou terug slaan.
- Laat maats 'n bal met hul een hand hop en dit dan met die teenoorgestelde hand slaan.
- Gebruik 'n trap-en-vang apparaat: Plaas telkens 'n boontjiesakkie op die korrekte spasie van die trap-en-vang apparaat. Laat maas dan op die agterkant van die apparaat trap en die sakkie vang sodra dit in die lug in opskiet.

## Ruimtelike oriëntering

Pak 'n rondtebaan vooraf uit. Maats moet:

- 'n paar keer op 'n wipmat **op** en **af** spring;
- met hul bene teenmekaar gedruk **in** en **uit** hoepels spring;
- **deur** 'n ruimtetonnel kruip;
- **bo-oor** boontjiesakkies loop;
- **op** 'n merker staan en balle **in** 'n houer gooi;
- met boontjiesakkies **op** hul koppe **oor** 'n balanseerbalk loop; en
- klein balletjies wat in 'n ry gepak is met 'n rakket slaan.

## Ritme

Laat maats linte ritmies op musiek swaai. Laat maats volgende hulle voete ritmies stamp: 1, 12,123, 1,12,123.

## Afwarming

Strekke



# Water laat alles anders lyk - Vloeistowwe en persepsie

Water is ’n vloeistof wat ons daagliks gebruik om ons diere te versorg. Ons bad ons diere in water, ons speel saam met ons diere in die water en ons troeteldiere drink water. Wil julle sien wat water nog kan doen?



## Benodighede

- Glas
- Water
- Potlood

## Instruksies

1. Laat die maats na ’n potlood in die klas kyk. Wys vir hule hoe die potlood lyk en dui op die reguit buitelyne van die potlood.
2. Vul nou die glas driekwart met water en sit die potlood in die water sodat die potlood net gedeeltelik in die water is.
3. Laat maats die potlood van die kant van die glas af, sowel as van bo af, bekyk. Die maats sal sien dat die potlood nie meer ’n reguit lyn is nie, maar dat die potlood geknak lyk.
4. Water breek die reguit lyne wat ons met die oog sien.

## Wat het ons geleer?

Water is “magic”! Water breek die reguit lyne wat ons met ons ogies kan sien.

WATER IS “magic”!

